**Acordesweb.com**

**Atlantis In Jou Lyf**
**Koos Kombuis**

```
Koos Kombuis - Atlantis In Jou Lyf
----------------------------------

       D                Em                            A
Op  n reis deur die woestyn verdwyn ons trane in die sand
                         D              G   A       D
Op die gravelpad na die see soek ek die unicorn se strand

          D            Em                        G
Daars  n roos in elke doring en n leuen in elke feÃ«verhaal
         A             D                  G    A       D
Hierdie oomblikke van waarheid glim soos neon deur my taal

    Em             D             A            Em
Ek weet jy s hier iewers in die klei van Afrikaans
                         D            A                      Em
Maar ek ken nog nie jou naam nie, jy sing waar die flaminke dans


CHORUS: --------
          Em            D
Jy s die voodoo wat my vashou
          A                 Em
Jy s die vloek wat my laat skryf
                    G
Die Sahara s in jou oe
      A             D   G  A  D
En Atlantis in jou lyf
_______



            D                Em                            A
Ek sien die buitelyne van jou skip, ek lees jou kaart so dof
Jy s  n ruine tussen klip,  n rivierbedding vol stof
Ek grawe kaalhand in die grond op soek na woorde en witblits
maar Vader Tyd se uurglas sak soos  n deurkosyn in Luderitz
Al volg ek jou lugspieelings deur die rotsblokke van smart
val die reen steeds oor my pyn en is dit winter in my hart

CHORUS: --------
          Em            D
Jy s die voodoo wat my vashou
          A                 Em
Jy s die vloek wat my laat skryf
                    G
Die Sahara s in jou oe
      A             D   G  A  D
```

```
En Atlantis in jou lyf
```

---

```
     D                    Em                       A
Op reis deur die woestyn verdwyn ons trane in die mis
ons verruil ons laaste pyn vir wilde liefde op die ware kus
Ek volg jou spore deur die vure waar droee geraamtes lag
my drome flikker soos die vure van oases in die nag


CHORUS: --------
          Em            D
Jy s die voodoo wat my vashou
          A                 Em
Jy s die vloek wat my laat skryf
                    G
Die Sahara s in jou oe
      A             D   G  A  D
En Atlantis in jou lyf
```

---

Woorde & musiek - Koos Kombuis
www.kooskombuis.co.za
tabbed by jaspervanzyl@mailbox.co.za but posted by somebody else...